higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERWYS
NKR VLAK 2

(5050012)

10 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

200Q1N2210

Copyright reserved

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Copyright reserved

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Klaskamerreëls is een van die kenmerke van goeie onderwys in Kuns en Wetenskap van Onderrig.

1.1.2 Die leerinhoud verteenwoordig die bekende aspekte van die wêreld van ‘n kind, wat hy of sy steeds op sy/haar eie moet ondersoek.

1.1.3 Een van die grondbeginsels van onderrig en leer is dat opvoeders leerders beïnvloed om die vaardighede en kennis te verwerf wat nodig is om later in die lewe suksesvol te wees.

1.1.4 Leerders neem aktief deel wanneer hulle die vrae wat deur die opvoeder gestel word, beantwoord.

1.1.5 Dewey het ‘n teorie ontwikkel oor die kognitiewe ontwikkeling van kinders.

1.1.6 Piaget het die teorie ontwikkel dat alle mense besin oor dit wat hulle geleer het, en dan die inligting assimileer en akkommodeer.

1.1.7 Die kultuur van passiewe leer is vervang deur aktiewe deelname deur middel van bespreking, groepwerk en projekte.

1.1.8 Die onderwyser verteenwoordig die ouers en hul waardes, en tree namens hulle by die dagsorgsentrum op.

1.1.9 In die pre-primêre skool word onderrig en assessering formeel en op ‘n moeilike manier gedoen.

1.1.10 Die deelnemende benadering is berus op die begrip dat leerders nie kennis oor enigiets het nie.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Relevante inhoud sal leerders in staat stel om na afloop van 'n les spesifieke vaardighede te demonstreer	A	tyd van die jaar
1.2.2	Leerinhoud is feitelik korrek, betekenisvol en belangrik vir die leerder	B	simbiotiese ordening
1.2.3	Inhoud en aktiwiteite wat met enige bepaalde seisoen verbind word	C	relevansie
1.2.4	Die begrip van die harmonieuse saambestaan van mense, plante en diere	D	geldigheid
1.2.5	Die onderwyser orden die inhoud in 'n opeenvolgende, verbandhoudende volgorde van feite, van die eerste tot die laaste	E	spiraalorde
1.2.6	Die onderwyser lei die leerder vanaf algemene begrip van 'n tema tot 'n meer komplekse vlak	F	lineêre ordening
1.2.7	Die studie van die struktuur van die aarde, veral rotse, grond en minerale	G	toepaslikheid
1.2.8	Die ondersteunende materiaal val binne die leerder se ervarings- of leefwêreld	H	musiekarea
1.2.9	'n Area wat die leerders in staat stel om op 'n visuele manier uitdrukking aan hul kreatiwiteit te gee	I	kunsarea
1.2.10	'n Area wat leerders met taalontwikkeling help	J	geologie
		K	boekehoekie
		L	uiteenlopend ('divergent')

(10 × 1) (10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 … is op ervaring en feite oor iets gegrond.

A Idees
B Kennis
C Uitkoms
D Gewoonte

1.3.2 Mense streef kennis na, omdat …

A dit die lewe interessant maak.
B dit die toppunt in die verwerwing van sosiale vaardighede is.
C dit hulle help om die realiteit beter te verstaan.
D jy ‘n gevoel van mag kan ontwikkel.

1.3.3 ‘n … is op feite gegrond, of op die neem van ‘n besluit wat gegrond is op feite en nie op gevoelens of oortuigings nie.

A Doelwit
B Rasionaal
C Persepsie
D Gewoonte

1.3.4 Drie groepe mense wat nuttige bronne van leerinhoud kan wees, is die …

A onderwyser; leerder se portuurgroep; ouers.
B skoolhoof; onderwysers; leerders.
C portuurgroep; ouers; leerders.
D ouers; onderwyser; skoolhoof.

1.3.5 … verwys na die vermoë om te lees en skryf.

A Kognitief
B Geletterdheid
C Klein spiere
D Lees

1.3.6 Die akroniem GEAR staan vir …

A ‘Growth Energy Association Reconstruction’.
B ‘Growth Empowerment and Reconstruction’.
C ‘Growth Empowerment and Article Reading’.
D ‘Government Electrical Associates Renovators’.

Kopiereg voorbehou

1.3.7 Die Departement van Onderwys beywer hom lewenslange leer vir alle Suid-Afrikaners …

A ten einde in die internasionale ekonomie mee te ding.
B om hulle besig te hou.
C om vaardighede te verminder en kennis te vermeerder.
D pm mense in die onderwysstelsel te hou.

1.3.8 Watter EEN van die volgende vorm nie deel van die beginsels van demokrasie nie?

A Gelykheid
B Buigsaamheid
C Deursigtigheid
D Vryheid van keuse

1.3.9 Watter van die volgende behoeftes in Maslow se behoeftehiërargie vorm nie deel van emosionele faktore nie?

A Ego
B Sosiale
C Veiligheid en sekuriteit
D Fisiologiese

1.3.10 'n Ontwikkelende ekonomie benodig … om die ekonomie te verbeter.

A entrepreneurs
B patriotiese mense
C korrupte politici
D 'n goed ontwikkelde medianetwerk

(10 × 1) (10)

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die leerder moet veilig voel met die (onderwyser/ouers) ten einde inligting in die klaskamer te ontdek en te deel.

1.4.2 'n (Uitgaande/teruggetrokke) persoon is iemand wat daarvan hou om nuwe mense te ontmoet en met hulle te gesels.

1.4.3 (Diversiteit/Erfenis) kis die tradisionele oortuigings, waardes en gebruike van 'n familie, land of samelewing.

1.4.4 (Sydigheid/Rasionaliteit) is 'n onbillike voorkeur vir of afkeer aan iets.

1.4.5 Die aspekte van ontwikkeling waar kinders hul motoriese vaardighede kan gebruik, staan bekend as (kognitiewe/fisiese) ontwikkeling.

Kopiereg voorbehou

1.4.6 (Taalvaardighede/Emosionele ontwikkeling) moedig kinders aan om suksesvol sosiale kontakte te maak.

1.4.7 (Leer-en-onderrigondersteuningsmagteriaal/Lesplanne) help die leerder om ‘n beeld te vorm van dit wat hulle leer.

1.4.8 (Egosentriese/Eksentriese) denke is wanneer jy net aan jouself dink, en nie aan wat ander mense dalk wil hê of benodig nie.

1.4.9 (Dialoog/Redenering) kan gebruik word om ‘n bepaalde oordeel oor iets te vorm nadat feite sorgvuldig oorweeg is.

1.4.10 (Verdraagsaamheid/Deursigtigheid) beteken dat almal toegelaat moet word om hul menings te lug.

(10 × 1) (10)

1.5 Definieer die volgende terme:

1.5.1 Akademies

1.5.2 Distraksies

1.5.3 Inklusief

1.5.4 Integriteit

1.5.5 Nuuskierig I

(5 × 1) (5)

1.6 Noem TWEE aspekte wat die onderwyser in gedagte moet hou wanneer daar vir ‘n diverse klaskamer beplan word en om alle leerders se leertempo’s te akkommodeer. (2)

1.7 Kies die woord of frase in die raam hier onder wat by die volgende stellings oor die vaardighede wat deur ‘n leerder benodig word om outonoom te word, pas.

spanwerk; kommunikasie; bestuur; probleemoplossing

1.7.1 Die leerder is in staat om onafhanklik te werk en inisiatief aan die dag te lê om te besluit wanneer en hoe hulle leer en hoe om die hulpbronne wat hulle gebruik, te organiseer.

1.7.2 Die leerder tree altyd in interaksie met die onderwyser en portuurgroep.

1.7.3 Leerders maak foute, soek raad, en neem die korrekte besluite.

(3 × 1) (3)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Verduidelik waarom jy dink dat pre-primêreskool- en dagsorgsentrumonderwysers hoëgehalte-onderrig en -leer vir kinders van hierdie ouderdom moet implementeer. (2 × 2) (4)

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

> Me Cathy het 'n uitstappie na die dieretuin beplan, omdat haar tema tans wilde diere is. Sy het gereël dat hulle by Nelson Mandela se standbeeld aandoen, omdat die akwarium gesluit was. Na afloop van die uitstappie is die leerders vry om hul sienings te deel oor dit wat hulle gedurende die uitstappie ervaar het. Die leerders moet die volgende dag verskillende hulpbronne klas toe bring vir bespreking. Die leerders kan enige beskikbare hulpbron gebruik, maar hulle moet die inhoud kan verduidelik. Dit sal beteken dat die leerders voorbereidingswerk moet doen.

Verduidelik die volgende beginsels wat me Cathy gevolg het om onderrig in 'n deelnemende benadering toe te pas.

2.2.1 Buigsaamheid

2.2.2 'n Verskeidenheid hulpbronne

2.2.3 Demokratiese leerklimaat

2.2.4 Individuele verantwoordelikheid

(4 × 2) (8)

2.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Mev Magoba is 'n spesialebehoefte-onderwyser wat met kinders met leergestremdhede werk. Nadat sy reeds 'n hele klompie jaar onderwys gegee het, is sy 'n deskundige op haar terrein en sy verstaan dat leerders dikwels moedeloos word wanneer hulle voor uitdagings te staan kom. Weens haar ervaring en kennis het sy begrip vir hul frustrasie, maar sy bemoedig hulle graag en gebruik ook ander metodes om hulle te help om die inhoud te verstaan en bemeester, Leerders onder haar leiding se leervermoë verbeter dikwels en hulle word gretig om nuwe dinge op hul eie te leer.

2.3.1 Verduidelik DRIE kenmerke van 'n goeie onderwyser/opvoeder. (3 × 2) (6)

2.3.2 Identifiseer VIER areas waarin mev Magoba bekwaamhede toon as die onderwyser in die leerproses. (4 × 2) (8)

2.4 Gee een woord vir die volgende stellings:

2.4.1 Die leerterrein wat die onderwyser leer dat leerders die beste leer wanneer hulle aan ‘n gestruktureerde, sistematiese program deelneem

2.4.2 ‘n Leerder wat altyd dieselfde patroon of styl handhaaf, sonder om te verander

(2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 3

3.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr Peterson is ‘n Graad 2-onderwyser, en die gemiddelde ouderdom van die seuns en dogters in sy klas is 9 jaar. Hulle kom uit uiteenlopende familieagtergronde en praat hetsy Sepedi, Tshivenda of Engels. Mnr Peterson het die leerders aangemoedig om mekaar te help en by mekaar te leer. Hy het ‘n positiewe uitkoms as gevolg van hierdie diversegroepwerk opgemerk. Daar was ook ‘n verbetering in die taal, houding en die verhoudings tussen die leerders. Sommige leerders het b y die skool aangekom en gekla dat hulle honger en moeg is, weens die lang afstande wat hulle moes reis. Hulle het dikwels tydens die lesse aan die slaap geraak. Wanneer mnr Peterson sy lesse voorberei het, het hy seker gemaak dat hy al hierdie kontekstuele faktore van die leerders akkommodeer.

3.1.1 Bespreek VYF kontekstuele faktore wat mnr Peterson in aanmerking moet neem wanneer hy vir die leerders in die scenario beplan. (5 × 2) (10)

3.1.2 Maak TWEE voorstelle hoe mnr Peterson en die skool leerders wat probleme ondervind, kan bystaan. (2 × 2) (4)

3.1.3 Identifiseer TWEE voordele van samewerkingsleer in multikulturele onderwys met diverse leerders in mnr Peterson se klas. (2 × 2) (4)

3.2 Definieer die term *Kuns en Wetenskap van Onderwys.* (2)

3.3 Hoe kan tegnologie jou gedurende die leerproses help? (1)

3.4 Stel TWEE aktiwiteite voor wat die onderwyser kan gebruik om Graad R-leerders te leer om te tel, ten einde vir die verskillende ontwikkelingsfases voor te berei. (2 × 2) (4)
[25]

VRAAG 4

4.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

> Me James is in beheer van die debatspan. Een groep leerders sal ten gunste van strenger reëls by skole debatteer, en die ander groep sal ten gunste van meer ontspanne reëls en regulasies wees. Die leerders put uit hul eie ervarings as 'n groep om hul redenasies te formuleer. Weens hierdie reëls ervaar leerders ervaar aangename en minder aangename tye by die skool. Me James het toe verduidelik hoe dissipline in 'n skool belangrik is vir orde, en hoe dit in leerders, opvoeders en die onderrigproses 'n klaskamer beïnvloed.

4.1 Identifiseer TWEE beginsels van die konstruktivisties siening van kennis wanneer leerders met 'n onderwerp of voorwerp in interaksie tree. (2 × 2) (4)

4.2 Bespreek kortliks DRIE van die rasionele benaderings tot deelnemende leer. Bespreek elke benadering onder 'n toepaslike opskrif. (3 × 2) (6)

4.3 Definieer die term *demokrasie*. (2)

4.4 Bespreek VIER metodes hoe 'n onderwyser demokrasie in die klaskamer kan aanmoedig. (4 × 2) (8)

[20]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks hoe jy dink die frase *reënboognasie* met diversiteit in die klaskamersituasie verband hou. (2)

5.2 Met verwysing na gedrukte materiaal as inligtingsbron, dui aan of die volgende stellings telkens 'n "VOORDEEL" of "NADEEL" is. Skryf slegs die woord "voordeel" of "nadeel" langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 Handboeke is geneig om verouderd te wees en leerders sal inligting daarin kry wat nie verband hou met dit wat onlangs gebeur het nie.

5.2.2 Onderwysers leer die leerders om addisionele inligting uit ander skriftelike bronne in die biblioteek te vind.

5.2.3 Leerders in die klas het nie dieselfde handboek ontvang nie. Sommige studente het ou handboeke gekry, en ander het nuwe, bygewerkte handboeke gekry.

(3 × 2) (6)

5.3 Gee TWEE redes om jou eie siening van onderrig en leer, wat jou gemotiveer het om in die onderwysveld te studeer, te verduidelik. (2 × 2) (4)

5.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Mev Smith het besef dat sommige van die leerders nie op dieselfde ontwikkelingsvlak as die res van hul portuurgroep is nie. Om daardie leerders se lees- en wiskundevaardighede te verbeter, laat sy hulle speletjies om opvoedkundige toepassings ('apps') speel, wat beteken dan hulle die aanwysings moet lees. Die klein groepe kan mekaar ook help om die oplossings vir die vrae te vind. Sy laat ook die stadiger leerders na stories luister, met die woorde wat in teks vertoon word. Die vinnige leerders voltooi aanlyn aktiwiteite en vorder teen hul eie tempo. Soms tree hul ook as mentors vir stadiger leerders op. Die kalenderboodskappe herinner die leerders aan verjaarsdae en spesiale geleenthede op die dag. Mev Smith sluit ook video's en ander multimedia-toepassings by haar lesse in. Stadiger leerders het flink verbeter en die vinniger leerders se selfvertroue het weens die interaksie toegeneem.

5.4.1 Identifiseer TWEE maniere waarop mev Smith tegnologie in haar klas gebruik. (2 × 2) (4)

5.4.2 Noem EEN manier waarop die gees van samewerking en deelnemende leer gedurende onderrig in mev Smith se klas geïmplementeer is. (2)

5.5 Noem DRIE menslike bronne van leer wat leerders kan gebruik. (3)

5.6 Noem die VIER hiërargiebehoeftes van Maslow se teorie wat op die fisiologiese behoefte volg, in die korrekte volgorde, vanaf die laagste tot die hoogste. (4)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Copyright reserved